

# VYFTIG FEITE OMTRENT OPENBARE MAATSKAPLIKE DIENSTE IN BRITTANJE

REFERENCE LIBRARY
INSTITUTE OF RACE RELATIONS
14,4,11,1 G
34



P. 4082

# VYFTIG FEITE OMTRENT OPENBARE MAATSKAPLIKE DIENSTE IN BRITTANJE

---

*"Voorsiening vir die meeste van die menigte verskillende behoeftes wat mag ontstaan as gevolg van verlies van werk en ander oorsake . . . word alreeds in Brittanje getref op 'n skaal wat in geen ander land oortref word en in baie min lande ge-ewenaar word."*

**Beveridge-verslag oor Maatskaplike Versekering : Inleiding.**

---

## 50 JAAR VAN VOORUITGANG

**1.** OOR DIE AFGELOPE VYFTIG JAAR het wetgewing oor maatskaplike dienste in Brittanje verseker dat niemand gebrek hoef te ly as gevolg van werkloosheid of siekte nie ; dat onder-bevoorregte kinders gevoed word en mediese behandeling ontvang ; dat die bejaardes pensioene ontvang ; dat huise vir die laere inkomstegroepe teen billike huurgelde verskaf word ; kortweg dat niemand behoefte sal hê aan kos of huisvesting of sonder versorging sal wees ingeval van siekte nie.



**Klein kindertjies eet in die tuine terwyl hulle ouers oorlogswerk doen.**

**2.** DIE JAARLIKSE UITGAWE AAN MAATSKAPLIKE dienste in Brittanje het gestyg van 15/– (vyftien sjielings) per hoof van die bevolking in 1890 tot £10 in 1936.

**3.** IN 1937 IS BYNA tien per sent van die totale opbrengs aan goedere en dienste—die nationale inkomste—van die Verenigde Koninkryk in die vorm van maatskaplike dienste onder die bevolking verdeel.

**4.** DIE ADMINISTRASIE van die maatskaplike dienste in Brittanje word gewoonlik onderneem deur die gekose plaaslike owerheid, onder die algemene toesig van die sentrale regerings-departemente. In gevalle waar die maatskaplike diens deur die sentrale regerings-departement ge-administreer word (soos bevoorbeeld in die

regerings-versekeringskemas) stel die betrokke ministerie gewoonlik plaaslike komitees aan om oor plaaslike aangeleenthede te adviseer.

5. Die openbare fondse wat vir maatskaplike dienste beskikbaar gestel word kom deels uit nationale en deels uit plaaslike belastings. Plaaslike belastings word deur die munisipale owerheid op onroerende eiendom soos huise, fabrieke ens., gehef.

## DIE MAATSKAPLIKE VERSEKERINGSWETTE

6. Maatskaplike versekeringswetsontwerpe is vir die eerste keer in 1911 in Brittanje ingedien. Sedertdien is hulle grootliks uitgebrei, en is die voordele daaronder verhoog. As gevolg van hierdie wette word nege uit elke tien lede van die arbeidende bevolking teen siekte en werkloosheid verseker.

7. Die regering, die werkgewer en die werknemer dra almal by tot die werkloosheidsversekering-fonds, wat die arbeider van 'n toelae voorsien vir ses-en-twintig weke in die jaar indien hy werkloos word. Die tydperk word dikwels verleng. Getroude mans en vaders van families kry additionele toelaes.

8. Ingeval van siekte word daar voorsiening getref vir die Britse arbeider deur die Nationale Gesondheidsversekering-skema. Die regering, die werkgewer

en die werknemer dra almal by tot 'n sentrale versekeringsfonds waaruit verskeie soorte toelaes betaal word.

9. Die mediese hulp wat deur die Nationale Gesondheidsversekering verleen word, sluit in vrye mediese behandeling en versorging, en dek ook die koste van medisyne. Die pasiënt mag sy eie dokter kies. Wanneer 'n arbeider as gevolg van siekte of verminking nie kan werk nie, ontvang hy ook gereelde geldelike toelaes. Die vrouens van versekerde werkers ontvang toelaes gedurende kindergeboorte.

10. Arbeiders wat nie verseker is nie en diegene wat alreeds die maksimum hulpverlening onder die versekeringskemas ontvang het, kan mediese versorging van die " Poor Law "—dienste kry en dié wat gebrek ly kan geldelike toelaes van die Bystandsrade ontvang. Hiertoe hoef hul geen bydraes te doen nie.

## OUDERDOMSPENSIOENE

11. Vanaf 1908 is daar al 'n ouderdomspensioenstelsel in Brittanje in werking, en in 1925 is daar 'n nuwe skema ingestel waartoe die bevoordeeldes bydraes doen. Die regering, werkgewer en werknemer, stort hul bydraes in 'n sentrale fonds waaruit elke versekerde manlike werker met 'n inkomste van minder as £8 per week vanaf die ouderdom van 65 jaar 'n pensioen kan ontvang.

**12.** VERSEKERDE VROULIKE WERKERS EN VROUENS van versekerde werkers kan 'n pensioen ontvang vanaf die ouderdom van sestig jaar. Weduwees en wese van versekerde werkers ontvang ook pensioene.

**13.** MENSE OOR DIE OUDERDOM VAN SEWENTIG jaar ontvang 'n pensioen van die Bystandsraad waartoe hul geen bydraes hoef te doen nie. Indien die pensioen nie toereikend is nie, kan hul verdere aanvullende toelaes ontvang.

## OPVOEDING

**14.** MEER AS EEN-TIENDE van die uitgawe van die sentrale regering en die plaaslike owerhede tesame, word jaarliks in Brittanje aan opvoeding bestee. In Engeland en Wallis kan kinders tussen die ouderdomme van vyf en veertien jaar hul opvoeding kosteloos ontvang; in Skotland is die ouderdomsgrense vyf en agtien jaar.

**15.** IN ENGELAND EN WALLIS vind sekondaire (hoërskool-) opvoeding op 'n selektiewe basis plaas. Belowende kinders word die geleentheid gegee om hul opvoeding voort te sit nadat hulle die ouderdom van veertien jaar (die minimum ouderdom waarop hul skool mag verlaat) bereik het, deur middel van beurse na sekondaire skole.

**16.** VAN DIE KINDERS WAT SEKONDAIRE SKOOL bywoon ontvang sewen-en-veertig persent hul opvoeding verniet

en tien per sent betaal verminderde fooie. Toelaes vir reisonkoste en vir boeke word, waar nodig, deur die plaaslike owerheid voorsien. Meer as 'n miljoen kinders oor die ouderdom van veertien jaar het in die jare voor die oorlog klasse bygewoon in aandskole, tegniese kolleges en in buitemuurse universiteitskursusse. Die onkoste hiervan word byna uitsluitlik deur die betrokke munisipale owerheid en die regering gedra.

**17.** Deur middel van skenkings en beurse word volwasse studente wat anders nie die fooie kon bekostig nie, ook instaatgestel om die universiteite by te woon. In 1939 was meer as ses-en-veertig per sent van die studente in Brittane in ontvangs van sulke beurse.

**18.** Sentrale skole voorsien beroeps-, tegniese en skeppende opleiding vir kinders wat nie die akademiese opleiding in die sekondaire skole wil ontvang nie of wat nie daarvoor geskik is nie.

**19.** Meer as nege uit tien kinders onder die ouderdom van veertien jaar ontvang hul opleiding in skole wat deur die plaaslike owerhede opgerig is en nege uit tien bo die ouderdom van veertien jaar ontvang hul opvoeding in skole wat opgerig is deur, of ondersteuning ontvang van die plaaslike owerheid. Slegs 'n klein minderheid betaal vir hul eie opvoeding.

## MAALTYE EN MEDIESE DIENSTE VIR KINDERS

**20.** MEDIESE DIENSTE VIR SKOLE is ses-en-dertig jaar gelede in Brittanje ingestel. Elke kind wat in 'n openbare skool opgevoed word, ontvang verskeie keer in die loop van sy skool-opleiding gratis mediese ondersoek.

**'n Sonlig-kliniek in die middel van Londen.**



**21.** SKOOLKINDERS ONTVANG MEDIESE behandeling teen nominale koste of gratis wanneer die ouers dit nie kan bekostig nie. Die meeste munisipale owerhede voorsien ortopediese en X-straal behandeling. In die afgelope vyftig jaar was daar in Brittanje 'n opvallende afname in kindersiektes as gevolg van die werk van die mediese dienste in die skole.

**22.** VANAF 1906 ONTVANG KINDERS uit arm huise maaltye by die skool en in die afgelope twee jaar is die voorsiening van warm middagmale baie uitgebrei. Die regering dra nou vyf-en-neentig per sent van die bedrag wat die voorsiening van maaltye die plaaslike skool-owerheid kos. Een kind uit elke vyf in Engeland en Wallis ontvang reeds, of sal binnekort, maaltye by sy skool ontvang, óf verniet óf teen kosprys, en die aantal neem nog steeds toe.

**23.** SEWE UIT ELKE TIEN KINDERS ontvang melk by die skool óf verniet óf teen kosprys.

## MEDIESE DIENSTE

**24.** KINDERWELVAART-SENTRA en kraaminrigtings waar moeders vóór en ná kindergeboorte versorg word, word deur byna alle plaaslike owerhede voorsien. Byna die helfte van die verwagtende moeders en moeders van jong kinders in Brittanje woon hierdie sentra by.

**25.** Die lewensverwagting van 'n kind wat in Engeland of Wallis gebore word, is vandag byna dertien jaar langer as wat dit in 1901 was. Die kinder-sterftesyfer het afgeneem van 154 per duisend tot 53 per duisend oor dieselfde periode, en van gemiddeld 4.27 per duisend moeders wat in kindergeboorte gesterf het, het die syfer tot drie moeders per duisend gedaal.

**26.** Die hospitale wat deur openbare fondse in Brittanje instandgehou word, voorsien byna driekwart van die beskikbare beddens, insluitende die meeste van die beddens wat voorsien word vir aansteeklike siektes, tering, bevallings en ongeneeslike siektes. Hospitale wat deur vrywillige bydraes instandgehou word, ontvang toelaes vir spesiale dienste soos bevoorbeeld die behandeling van sekere klasse siektes waarvan hulle 'n kwota pasiënte moet inneem.

**27.** Vanaf 1912 is 'n omvattende tering-bestrydingsdiens in Brittanje in werking. Plaaslike owerhede voorsien sanatoria, apteke, behandeling, afsondering, opelug-skole vir kinders, versorging voór en ná herstel, en rehabilitasie-opleiding. Die sterftesyfer aan tering het gedaal van 1904 sterfgevalle per miljoen in 1900 tot 602 in 1938.

**28.** Die plaaslike owerhede in Brittanje is verantwoordelik vir die welvaart van blindes, dowes, en verminkte kinders en voorsien ook hul opleiding.

Blinde persone ontvang ouderdomspensioene vanaf die ouderdom van veertig jaar. Die meeste kranksinnige-inrigtings in Brittanje word ook deur openbare fondse instandgehou.

## BEHUISING

**29.** Die voorsiening van goeie huise of kamerwonings teen 'n huurgeld wat families in die laere inkomstegroepe kan bekostig word in Brittanje as 'n nationale verantwoordelikheid beskou, en dit kom onder die toesig van die Minister vir Volksgesondheid.

**30.** Vanaf 1919 het meer as een-derde van die bevolking van Brittanje nuwe behuising ontvang, en een uit elke drie van hierdie nuwe huise is óf heeltemaal óf gedeeltelik uit openbare fondse gebou. Groot agterbuurte-oppervlaktes is opgeruim.

**31.** Subsidies of spesiale skemas vir korting op huurgelde is ingevoer om die koste in verhouding te bring met die middele en omstandighede van die bewoner. Die bewoners word toegelaat om verskillende huurgelde te betaal al na gelang van die grootte van hul families.

**32.** 'n Groot aantal van die nuwe gesubsidieerde huise in Brittanje is in tuinstede buitekant die groot stede gebou. Die tuinstede is so aangelê dat elke huis sy eie



**Werkers-kamerwonings in Liverpool, voorsien van sonlig, winkels en tuine,**

tuin het en daar nooit meer as twaalf huise per akker gebou word nie.

**33.** Openbare dienste en fasiliteite vir opvoeding en ontspanning word deur alle plaaslike owerhede in meerdere of mindere mate voorsien, al na gelang van die behoeftes van die plaaslike bevolking. Vrye parke, swembaddens en openbare baaie, bibliotheke, museums ens, is binne bereik van alle dorpsbewoners. In sommige distrikte is groot stukke oop grond aangekoop deur die



munisipale owerheid vir die gebruik van die publiek. Londen is deur so'n " groen gordel " omring.

**34.** Kuns, musiek en toneelopvoerings word deur die regering gesubsidieer deur 'n skenking aan die Raad vir die Bevordering van Musiek en Kuns (CEMA). Die Raad reël konserte, toneelopvoerings en ander vermaaklikhede in fabrieke en vir die troepe, en in industriële distrikte voer hulle toneelstukke op teen baie geringe toegangskoste.

## INDUSTRIËLE WELVAART

**35.** Brittanje het die weg gebaan in industriële wetgewing. Die eerste wet in die hele wereld om die gesondheid van fabriekswerkers te beveilig, is in 1802 in Brittanje aangeneem. Die regering het in 1833 die verantwoordelikheid vir fabrieksinspeksie oorgeneem.

**36.** Werkure, verligting, veiligheidsmaatreëls en die werkstoestande van werknemers word alles deur die regering gereel. Daar is spesiale wetgewing wat die werkure en werkstoestande van vrouens en jongmense reël. Vanaf 1940 is die voorsiening van mediese dienste verpligtend in alle groot fabrieke.

**37.** Welvaart-beamptes wat aan die Arbeidsministerie verantwoordelik is, is aan alle groot fabrieke verbonde om die arbeiders te adviseer oor gesondheids-, behuisings- en ander probleme.

## MAATSKAPLIKE DIENSTE IN OORLOGSTYD

**38.** Sedert die uitbreek van die oorlog, is maatskaplike dienste in Brittanje uitgebrei, nie ingekort nie. Nuwe dienste is ingestel om die publiek van voedsel te voorsien, om die kinders van werkers te versorg, om die werkers van huisvesting te voorsien en om die burger teen lugaanvalle te beskerm.

**39.** OORLOGSTYDSE KINDERSORG-INRIGTINGS is in Brittanje deur die regering opgerig oral waar daarvoor 'n aanvraag was. Babetjies word in hierdie inrigtings opgeneem en versorg totdat hulle skoolgaande ouderdom bereik. Die kinders kan of die hele dag daar gelaat word—hulle word dan gebad en kry ontbyt, middagmaal en tee in die inrigtings—of net vir 'n deel van die dag, wanneer hulle dan net een maaltyd ontvang. Die fooi vir 'n hele dag se versorging is een sjieling, maar dit word kosteloos verstrek wanneer die moeder dit nie kan beskostig nie.

**40.** NATIONALE JEUGKOMITEES is in elke distrik opgerig en hulle ontvang spesiale toelaes. Hulle is verantwoordelik vir die welvaart van alle jongmense tussen die ouderdom van veertien en agtien jaar.

**41.** TENEINDE DIE REGVERDIGE verdeling van die beperkte voedselvoorrade wat in oorlogstyd beskikbaar is te verseker, is 'n rantsoeneringstelsel vir alle onontbeerlike voedselsoorte ingestel, en die regering betaal 'n jaarlikse voedselsubsidie van ongeveer £100,000,000.

**42.** VERWAGTENDE MOEDERS en moeders met suiglinge en alle kinders onder die ouderdom van vyf jaar mag 'n pint melk per dag ontvang. Vir persone in die laere

inkomstegroepe word dit gratis voorsien, en teen 'n verminderde prys vir ander inkomstegroepe. Alle kinders onder die ourderdom van vyf jaar is ook geregtig op vrugtesappe en lewertraan óf gratis óf teen 'n verminderde prys.

**43.** DIE BESKIKBARE RUIMTE en die toerusting van hospitale is aansienlik uitgebrei vanaf die uitbreek van die oorlog, en 'n stelsel van gewestelike organisasie is ingestel. 'n Toename in die aanbou van nuwe hospitale wat in normale omstandighede twaalf jaar in beslag sou geneem het is binne drie jaar teweeggebring.

**44.** 'N BLOED-OORGIETINGSDIENS is ingestel. Nood-volksgesondheids-laborotoria is dwarsdeur die land opgerig om voorsorgmaatreels te tref teen enige skielike epidemies. Burgerlike verdedigingswerkers en industriële werkers ontvang mediese behandeling gratis.

**45.** MEER AS 2,000 " BRITSE RESTAURANTS " is deur die munisipale owerhede opgerig om goed-gekookde en gesonde maaltye vir die publiek te voorsien. Die gemiddelde prys is tien pennies vir 'n maaltyd van twee geregte, tee of koffie ingesluit. Maaltye wat huistoe geneem en daar verwarm kan word, kan ook in hierdie restaurants verkry word.

**46.** DIE BESKERMING van die burger teen lugaanvalle is die verantwoordelikheid van die Ministerie vir Tuis-beveiliging, in medewerking met die plaaslike owerhede.



X-straalbehandeling vir 'n slagoffer van 'n lugaanval, Guy's Hospitaal.

Publieke skuilplekke is in die strate en onder die grond aangebou, en skuilplekke wat binne in die huis of in die tuin opgerig kan word is verniet verdeel onder families in die laere inkomstegroepe. Gasmaskers is gratis onder die hele bevolling uitgedeel. Eetplekke, slaapplekke en mediese versorging word in alle groot openbare skuilplekke voorsien.

**47.** Lede van die burgerlike bevolking wat permanente beserings opdoen as gevolg van vyandelike aksie ontvang pensioene en die afhanklikes van persone wat deur vyandelike aksie gedood word ontvang ook pensioene. Daar word toelaes betaal aan persone wat tydelike beserings opgedoen het.

**48.** Vrye vergoeding word in Brittanje verstrek aan alle persone wat hul besittings as gevolg van vyandelike aksie verloor. Die " besigheidskema " maak versekering van alle besigheidspersele en eiendom verpligtend. Vergoeding is uitgestel tot aan die einde van die oorlog, maar beperkte uitbelatings kan onmiddelik gedoen word. 'n " Privaatgoedere "-stelsel tref voorsiening vir gratis versekering van persoonlike eiendom tot op 'n bedrag van £200 plus addisionele toelaes vir vrou en kinders.

**49.** Slagoffers van lugaanvalle ontvang vrye huisvesting vir tenminste twee weke indien hulle huise

P.4082

vernietig is. Onmiddelike geldelike bystand word ook verleen. Waar nodig, skiet die Bystandsrade meubels en kleding voor. Die herstelling van beskadigde huise en die stoor van meubels uit gebombardeerde huise word ook deur die plaaslike owerheid onderneem.

**50.** Die welvaart van industriële werkers in Brittanje is onder die toesig van die Minister vir Arbeid. Beamptes van die ministerie sorg vir die behuising, gesondheid en die voorsiening van maaltye aan werkers wat van hulle huise verplaas is. Spesiale tehuise vir vrouewerkers en familie-verblyfplekke word deur die regering naby die nuwe oorlogsfabrieke voorsien.

G.P.D. 39/537

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.